LAERSKOOL Durbanville PRIMARY SCHOOL

Weyerslaan
Durbanville 7550

Telefoon 976 8115 Telephone

Weyers Avenue
Durbanville 7550

E-pos / E mail: office@durbieland.com

Omsendbrief 11/2021 30 Augustus 2021

Geagte Ouer/Voog

LENTEDAG – WOENSDAG, 1 SEPTEMBER 2021

Ons het verlede jaar ‘n vrolike Lentedag gevier toe leerders blomme en “geskenkies” uit hul tuine skool toe gebring het. Ons kon verskeie instansies in ons gemeenskap daarmee bederf en op ‘n tasbare manier ons dankbaarheid toon vir die wonderlike werk wat hulle in en rondom Durbanville doen.

Ons wil graag vanjaar voortgaan met hierdie inisiatief en nooi dus ons leerders uit om weer blomme en loof uit hul tuine skool toe te bring. Dit kan voor skool op die muurtjie by die grys pilare (by die Covid-toetsstasie) neergesit word. Al hierdie blomme, blare ensovoorts sal in mooi ruikers gerangskik en in die gemeenskap versprei word.

Leerders kan ook op Lentedag ‘n blom aan hulle skoolklere vassteek – dit kan ‘n regte of plastiekblom wees of selfs een wat hulle uit papier of ander materiale gemaak het.

“Flowers… are a proud assertion that a ray of beauty out values all the utilities in the world.”
– Ralph Waldo Emerson

OMGEEDAG – VRYDAG, 3 SEPTEMBER 2021

Ons waarde vir September is omgee. Ons wil graag die maand se waarde vier deur ‘n Omgeedag-projek aan te pak. Soos in kwartaal 2 aan u gekommunikeer, ondersteun ons skool vanjaar vir MES deur deel te raak van hulle projekte. Ons poog om hulle in hul verskeie inisiatiewe te ondersteun.

Die MES-sentrum (oorkant die parkeerterrein by Shoprite) maak en verskaf elke oggend ontbyt vir lede van die gemeenskap wat op pad is werk toe. Hierdie ontbyt bestaan uit mieliepap en ‘n warm koppie koffie/tee. Daar is dus ‘n deurlopende behoefte aan bestanddele om hierdie ontbyt daagliks moontlik te maak. Ons wil hulle ondersteun deur produkte vir hierdie projek te skenk sodat hulle dit kan gebruik om ‘n verskil in ons gemeenskap te maak.

Daar is een voedselitem per graad toegeken wat leerders dan tydens die Omgeedag aan MES kan skenk. Tydens die Omgeedag sal ons skenkings van dié spesifieke voedselitems verwelkom!

Graad 4: Mieliemeel
Graad 5: Suiker
Graad 6: Langlewe-melk
Graad 7: Koffie en tee

Bogenoemde items kan op Vrydag, 3 September, skool toe gebring word en op die muurtjie by die grys pilare geplaas word. Aanwysingsborde sal aandui waar die voedselitems geplaas kan word.

Deelname aan hierdie inisiatief is heeltemal vrywillig en geen Durbie is verplig om iets by te dra nie.

Omgee-maand se kleur is **pers** en ons moedig leerders aan om op Omgeedag (3 September) iets pers saam met hulle skooldrag te dra.

Vriendelike groete

K. Tucker
KOöRDINEERDER

P. du Toit
SKOOLHOOF

DURBIES VIR ALTYD